



Effektiewe lente bemesting vir wingerde

Die na-oes program en oesgrootte van die vorige seisoen bepaal grootliks die oorweging vir 'n tydige "met bot-bemesting".

Dit is dikwels beter indien botbemesting reeds voor ogieswel toegedien word. Hierdie stelling is in stryd met die algemene opvatting dat grond te koud is en daar nog nie voldoende wortelaktiwiteit teenwoordig is nie.

Indien bemesting te vroeg na die winter deur besproeiingswater gemaak word, neem dit soms te lank voordat die verlangde konsentrasie stikstof in die grond en plant opgebou word.

In baie gevalle word dit eers met die derde bemestingtoediening na bot bereik. Waardevolle tyd gaan in die proses verlore omdat lae konsentrasies veroorsaak dat die nuwe groei nie op standaard is nie, wat voorts lei tot swak trosontwikkeling en oorlewing.

Om die beste resultate onder bogenoemde toestande te behaal, is die vroeë toediening van regstellings en organiese aanvullings noodsaaklik. Dit vergemaklik die bemestingbeplanning vir die res van die seisoen, aangesien oormatige besproeiing terwyl die grond nog nat is, uitgeskakel word.

Terwyl daar 'n drastiese toename in die koste van bemestingprodukte is, is dit belangrik om natuurlike hulpbronne optimaal te benut.

Atlantic Fertilisers se bemestingprogramme ontsluit die grondvrugbaarheids-potensiaal ten opsigte van plantvoeding en grondgesondheid. Uitstekende resultate word behaal met Ocean Nutrition (vishidrolisaat) wat ryk is in aminosure en omega 3-visolies.

Oorweeg hierdie noodsaaklike aanbevelings:

- Beplande toedieningshoeveelhede van organiese en organies-verrykte bemestingprodukte soos Bio Ganic, 9:1:9 en 10:1:6.
- Die gebruik van Ocean Nutrition (vishidrolisaat) en Bio KelpX5 om wortel- en microbe-aktiwiteit te verhoog.
- Beplan strategiese aanvullings van blaarbespuitings met Atlantic Foliar en Bio KelpX5.

Maak gebruik van Atlantic Fertilisers se ondervinding en suksesverhale om jou boerdery se sukses te help verseker.

